

Donderdag 19 September

Skrifgedeelte: Romeine 9:30 – 10:4

Fokusgedeelte: Romeine 9:30 – 10:4

Die evangelie: God spreek mense vry enkel en alleen omdat hulle glo! (1)

Paulus bespreek die situasie tussen die heidene en Israel op 'n blatante manier. Die heidene wat nie God se vryspraak deur die onderhouding van die wet gesoek het nie, het dit gekry omdat hulle glo. Israel watter God se vryspraak gesoek het deur die wet te onderhou, het dit nie gekry nie.

In hierdie gedeelte sien ons hoe dit moontlik is om vryspraak te soek en dit nie te kry nie. Israel het hulle vryspraak op die verkeerde plekke gesoek, hulle wou hulle vryspraak verdien deur die wet te onderhou. Ons sien dat daar net een manier is om God se vryspraak te kry en dit is deur die geloof in Jesus Christus.

Wanneer ons vryspraak soek deur onderhouding van wette of ons daad, dan struikel ons oor die klip wat in Sion gesit is. Jesus Christus is hierdie klip as Hy nie erken word as die vervuller van die wet nie.

Hoe gereeld gebeur dit nie dat ons deur ons eie werke, prestasies of vaardighede ons redding wil verdien nie. Dit is so maklik vir die mens om te voel hy moet of kan iets tot sy eie vryspraak bydra. Tog is dit nie nodig nie, want Jesus het gekom om die wet te vervul en daarom het ons ook die vreugde en troos dat ons absoluut niks kan doen om by te dra tot ons vryspraak nie.

Daarom kan ons vandag as gelowiges leef, want weet ons is vrygespreek nie op grond van wat ons moet doen nie, maar op grond van wat Jesus gedoen het.

Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Teologiese Student P Hattingh (Philip)